B



## Op die rug van 'n olifant

My olifant se naam is Jimmy. Jy moet nie dink jy kan op hierdie groot, grys dier se rug sit en hom Jimmy-hier en Jimmy-daar nie. Dié kêrel is so elf jaar oud en is dus deur en deur 'n tiener. En op die oomblik konsentreer dié tiener net daarop om die olifantkoei wat statig hier voor ons deur die grasveld waggel, te volg.

Voor my op Jimmy se rug is Themba, die drywer van hierdie vier-ton-gedierte van spier, vel en been. Wanneer Jimmy elke nou en dan 'n huppel gee, soos 'n energieke hondjie wat jou aan die kuit wil byt, moet Themba sag en dringend in sy oor fluister, of hom met 'n lang kierie teen die oor tik. Soos 'n tipiese tiener word Jimmy se aandag maklik afgelei en besluit hy gou dit is beter om liewer 'n tak af te breek en aan 'n paar groen blare te smul.

My sitplek bo-op Jimmy se rug bied my 'n uitstekende uitsig oor die hele mopanieveld in die omgewing van die Victoria-waterval. Daar is altesaam agt olifante in ons groep, maar hulle stap verbasend stil. Hulle beweeg 'n bietjie soos enorme skepe wat wiegend op die oseaan vaar. Koedoes, buffels en waterbokke snuif die lug terwyl ons nader trap, en verdwyn dan lui-lui die digte bos in. Vir 'n fotograaf werk dit uitstekend, want omdat jy so hoog sit, kan jy uitstekende foto's van die landskap reg rondom jou neem. Terwyl ek foto's neem, "bestuur" Themba die jong bul, meestal met sy stem, maar nou en dan met 'n tik van die houtkierie teen een van die ore.

Hoewel olifante hier in Afrika slegs in die laaste paar dekades gebruik word om toeriste te laat ry, wys rotskuns in Indië dat dié diere reeds sedert 6 000 voor Christus deur mense mak gemaak is om te gebruik. Hier in Suider-Afrika was dit Wilderness Safari in die Okavango-delta wat eerste olifant-safari's aangebied het, maar deesdae kan jy olifantritte op verskeie plekke geniet.

'n Olifant-safari is werklik 'n avontuur wat elke mens kan geniet – jy hoef nie 'n Tarzan te wees om dit op een van hierdie groot, wonderlike diere te waag nie. Jy bestyg jou olifant vanaf 'n houtplatform en sit veilig en gemaklik terwyl die gids jou alles oor die fauna en flora vertel. Ná die uitstappie keer jy na die kamp terug en sit aan vir 'n smullekker ontbyt rondom 'n tafel in die skadu van 'n reusagtige ou boom. Dit is beter as in party restaurante, kan ek jou belowe.

Suid-Afrika en sy buurlande bied verskeie opsies vir toeriste wat wil ervaar hoe die wêreld van bo-op 'n olifant se rug lyk. Hier is drie van die bestes:

* **Abu-kamp, Botswana:** Hierdie eksklusiewe Wilderness Safari-kamp in die Okavango-delta gaan jou wel 'n hoop geld kos, maar die kanse is goed dat jy in die een of ander Hollywood-ster gaan vasloop, en die olifant-interaksie is uitstekend. Indien jy op goeie voet met jou bankbestuurder is, gaan loer by www.wilderness-safaris.com.
* **Zambezi Elephant Trails, Zimbabwe:** Hierdie olifant-ondervinding kan deur verskeie avontuur-agentskappe in Zimbabwe of Zambië bespreek word en bied uitstekende waarde vir geld. Die bekendste aanbieder is www.shearwateradventures.com.
* **Knysna Olifantpark, Suid-Afrika:** Verskeie opsies word aangebied deur hierdie baie bekende instansie aan die Tuinroete. Jy kies of jy die olifante wil voer, of jy saam met hulle wil stap en of jy lus is om op een van hierdie reusediere te klim. Meer inligting is by www. knysnaelephantpark.co.za beskikbaar.

[Aangepas uit *Buite*, *Die Burger*, 24 November 2009]

Deel 3: VRAAG 28 C

Lees die gedeelte oor riksjas en skryf dan 'n kort briefie aan jou maat om te vertel van jou ondervinding. ( Jou gevoelens moet duidelik blyk). 120 woorde.

As ons aan die Durbanse hoofstrandgebied dink, dan dink ons onwillekeurig aan die kleurryke riksjas wat die mense heen en weer op hul pragtige karretjies rondtrek. Dis veral die asemrowerde kralewerk wat jou oog onmiddellik trek. Is riksjas eie aan Suid-Afrika? Nee, hulle is van Japan afkomstig. Hulle is deur die suikermagnaat, Sir Marshall Campbell, hierheen gebring. Die "karretjies" is deur jong, sterk Zoeloe-mans getrek. Hulle het hoog in die lug opgespring en baie dramaties gefluit.



Dié mans was geweldig trots op hul kleurvolle kostuums, horingagtige hooftooisels en briljante versierde "karretjies." Om en by 1930 het Durban sowat 1 000 riksjas gehad, maar na die Tweede Wêreldoorlog, het hul getalle drasties verminder. Vandag kan jy net 'n paar te sien kry.

D

**Pikkewyn, jy's piekfyn!**

Hierdie kusvoëls wat 'n mens soms laat lag met hul swart-wit kerkpakkies en penregop stappie, het 'n paar interessante gewoontes en 'n lang geskiedenis.

**Reuse van lank gelede**
Wetenskaplikes sê pikkewyne bestaan al 48 miljoen jaar lank. Hulle is die afstammelinge van voëls wat miljoene jare gelede kon vlieg. Van dié voëls wat aan die kus geleef het, het geleer om te duik en te swem.

Volgens navorsing oor fossiele het pikkewyne lank gelede sterk meegeding om kos. Hulle het van dieselfde kos as robbe en klein walvisse geleef. Omdat almal dieselfde kos wou eet, het 32 soorte pikkewyne uitgesterf. Van die belangrikste pikkewynfossiele is in Nieu-Seeland opgegrawe. Volgens dié fossiele was die ou pikkewyne heelwat groter. Die grootste spesie was tot 1,5 m lank en het 90 tot 135 kg geweeg!

**Pikkewyne aan ons kus vandag**
Pikkewyne word as voëls geklassifiseer al kan hulle skaars vlieg. Daar is sewentien soorte pikkewyne. Die spesie wat aan die Afrika-kus voorkom, is die brilpikkewyn.

**Hoe lyk hulle?**
Die brilpikkewyn beweeg op land en in die see. Hulle is omtrent 60 cm lank en weeg 2,4 tot 3,6 kg. Brilpikkewyne kan uitgeken word aan hul swart-wit kleurpatroon. Dit lyk amper of hulle 'n manel (swart aandbaadjie met 'n lang stert) aanhet, hul pote is swart en daar is 'n swart "masker" oor hul oë. Oor hul wit bors is 'n swart streep soos 'n halfmaan en hul wit maag is effens gespikkel.

Wanneer die voëls in die water rondduik, help die swart rugkant om hulle teen vyande te beskerm omdat hulle dan moeilik van bo af gesien kan word. Mannetjies is gewoonlik effens groter as wyfies. Jong brilpikkewyntjies se "manelle" is nog nie heeltemal swart nie, maar blougrys. Hulle het ook nog nie die swart masker en die swart halfmaan op die bors nie.

**Eetgewoontes**
Brilpikkewyne leef meestal van diepseevis wat in skole rondswem, soos sardientjies. Maar hulle sal ook inkvis en skaaldiere eet. Hulle moet dikwels ver agter kos aan beweeg – soms tot 110 km op 'n slag. Pikkewyne soek ook kos deur in die see af te duik. Hulle duik dikwels tot twee en 'n halwe minute lank en so 30 m diep.

**Beskerming**
Al die pikkewynsoorte word al hoe minder. Net 10 persent van die oorspronklike getal brilpikkewyne is oor.

In 1900 het byna 1,5 miljoen voëls op Dasseneiland aan die Kaapse kus gebly. In die vroeë negentigs het die getal tot 179 000 volwasse voëls verminder. Daar is omtrent 56 000 broeipare brilpikkewyne in die wêreld oor.

Die verwydering van guano vir bemesting het pikkewyne se broeigewoontes versteur. Die habitat van die pikkewyne het ook deur die jare kleiner geword soos mense begin bou en aan die kus begin vakansie hou het. Deesdae is die grootste pikkewynbedreiging oliebesoedeling en kommersiële vissery.

Pikkewyne word ook deur die Kaapse pelsrobbe, haaie en moordwalvisse gejag. Die pelsrobbe en pikkewyne kompeteer om dieselfde kos en broeiplek. Pikkewyne se eiers word ook gereeld deur roofdiere gevreet.